

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Mokwena (A728/09) [2009] ZAGPPHC 311 (11 August 2009)

[2009] ZAGPPHC 311

COURT

North Gauteng High Court, Pretoria

BEFORE

W J van der Merwe, E M Makgoba

CASE / FILE NUMBER

A728/09

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOÉ HOF VAN SUID-AFRIKA

(NOORD GAUTENG HOÊ HOF, PRETORIA)

A728/09

LANDDROS: BRITS

HOe HOF VERW NO: 916

HERSIENING SAAK NO: C542/08

NOT REPORTABLE

NOT OF INTEREST TO OTHER JUDGES

DATE: 11 AUGUST 2009

IN DIE SAAK TUSSEN:

DIE STAAT

TEEN

JOHANNES SAMUEL MOKWENA.....BESKULDIGDE

HERSIENINGSUITSPRAAK

VAN DER MERWE. R

Die beskuldigde, 'n 43-jarige man, het in die landdroshof te Brits, tereg gestaar. op twee aanklagte naamlik 'n aanklag van oortreding van artikel 67(1) van Wet 68 van 1995 deurdat hy na bewering ingemeng het met die polisie in uitvoering van hulle pligte en tweedens op 'n aanklag van regsverdeling.

Op 20 Januarie 2009 het die beskuldigde onskuldig gepleit op die ten laste gelegde misdrywe. Die getuienis van een getuie is aangebied waarna die verhoor uitgestel is tot 30 Januarie 2009 vir die voortsetting daarvan. Op 30 Januarie 2009 is die saak verder uitgestel na 13 Februarie 2009 vir die regsverteenvoerder van die beskuldigde. Die voorsittende beampte se aanstelling op 'n kontrak bas:s het egter tot 'n einde aekom op 31 Januarie

2009. Sedert 13 Februarie 2009 is die saak op verskeie geleenthede uitgestel na onder andere 19 Maart 2009, 30 Maart 2009 en 29 April 2009 ten einde die teenwoordigheid van die voorsittende beampte te verseker. Die voorsittende beampte kon egter nie opgespoor word nie en is die saak op 29 April 2009 uitgestel vir spesiale hersiening.

Die aangeleentheid dien tans voor my op spesiale hersiening. Toe die saak aanvanklik voor my geplaas is het ek dit na die Direkteur

van Openbare Vervolgings verwys met die volgende twee vrae:

"1.Waarom moet die beskuldigde benadeel word met 'n verdere verhoor?

2. Die landdros is seker nie dood nie en kan gekontrakteer word (indien nodig) om die verhoor te voltooi."

'n Baie behulpame memorandum is van advokate H M Meintjes SC en J Cronje van die personeel van die Direkteur van Openbare Vervolgings

ontvang waarvoor ek hulle bedank.

Die advokate wys tereg daarop dat Wet 51 van 1977 nie voorsiening maak vir 'n geval soos die onderhawige nie. Dit is egter so dat 'n beskuldigde geregtig is op 'n spoedige verhoor en dat dit in sy belang is om 'n verhoor so spoedig moontlik af te handel en nie onbepaald oor sy kop te laat hang nie. Die beskuldigde was regsverteenvoerder en voor die verhoor 'n aanvang geneem het was daar reeds 'n veeltal van uitstelle waar sy regsverteenvoerder teenwoordig was. Indien al die verrigtinge nou tersyde gestel moet word sal die beskuldigde ook finansiële benadeel word indien 'n verhoor weer de novo moet begin.

Die verteenwoordigers van die Direkteur van Openbare Vervolgings is van mening dat, omdat die verhoor landdros nie opgespoor kan word nie, die verrigtinge tersyde gestel moet word. Alhoewel adv. Cronje aangedui het dat die Direkteur van Openbare Vervolgings kan besluit om de novo te begin al dan nie, het adv. Meintjes reeds die standpunt ingeneem dat daar nie 'n verhoor de novo sal plaasvind nie en is die aanklaer ook dien ooreenkomstig ingelig.

Die verrigtinge in die deels verhoorde verhoor voor die hof a quo word tersyde gestel.

W J VAN DER MERWE

Ek stem saam,

E.M. MAKGOBA

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPPHC/2009/311.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-mokwena-unknown-topic-agpphc-2009>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria